| | |
|---|---|
| | **PRINS ALBERT MUNISIPALITEIT**<br>PRIVAATSAK X53<br>PRINS ALBERT<br>6930 |

**KENNISGEWING 26/2022**

# DIREKTORAAT : TEGNIESE DIENSTE

## VAKATURE: SUPERINTENDENT: INSTANDHOUDING (WATER EN SANITASIE)

## AFDELING: OPERASIONELE DIENSTE

**INTERNE- EN EKSTERNE KENNISGEWING**

*Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as:*
***SUPERINTENDENT: INSTANDHOUDING (WATER EN SANITASIE); PRINCE ALBERT***

**MINIMUM VEREISTES**

- Graad 12 plus vyf (5) jaar toepaslike ervaring in die instandhouding van strate, stormwater, water- en rioolnetwerke in 'n toesighouding hoedanigheid of;
- Nasionale Diploma in Siviele Ingenieurswese of Boubedryf plus drie (3) jaar toepaslike ervaring in die instandhouding van strate, stormwater, water- en rioolnetwerke, in 'n toesighouding hoedanigheid.
- Kode B bestuurslisensie.
- Kennis in bedryf van water- en rioolaanlegte en kennis van siviele konstruksiewerke.
- Persoon moet bereid wees om bystanddienste te verrig en na-ure te werk.
- Geletterd in ten minste twee (2) van die amptelike tale van die Wes-Kaap.
- Goeie interpersoonlike-, menslike- en kommunikasievaardighede.
- Goeie kommunikasie-, organiserings-, beplannings- en bestuursvaardighede.
- Hoë vlak van verantwoordelikheid.
- Rekenaargeletterd.

**PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE**

- Instandhouding en herstelwerk (paaie, water-,stormwater-en rioolstelsels) deur toesighoudende take te verrig in 'n span.
- Handhawing van dissipline van werkspanne.
- Algemene toesighouding van werkspanne.
- Reageer op dringende/ongeskeduleerde versoeke en hantering van klagtes vanuit die publiek
- Roetine-inspeksie van mangate, stormwaterpype, stormwaterkanale wat dreineringsinstandhouding en skoonmaak benodig.
- Bydrae tot jaarlikse beplanning vir die afdeling
- Verrig onderhoud en instandhouding van dienste netwerk
- Evaluering van prosedures, stelsels en kontroles wat verband met voertuie, aanleg, toerusting en materiaal beskikbaarheid en gebruik.
- Word verlang om buite normale werksure te werk tydens noodgevalle en beplande oortyd
- Moet bereid wees om areas te betree soos mangate, rioolpype

- Bereid wees om enige werksomstandighede te werk.
- Onderneem van inspeksies en ondersoek instel na klagtes van die publiek.
- Verantwoordelik vir alle administratiewe funksies binne u afdeling.
- Verantwoordelik vir toepassing van dissiplinêre proses.

**SALARIS**: **T11 – R 269 397.36 per jaar (R 22 449.78 per maand)**
Benewens gemelde salaris, bied die Raad sy permanente werknemers die volgende byvoordele: Pensioen- en mediesefonds bydraes, behuisingsubsidie, ruim verlof en siekteverlof en 'n dertiende tjek na 12 maande diens.

**DIENSTYDPERK:** **PERMANENT**

**SLUITINGSDATUM:** **WOENSDAG, 9 MAART 2022**

Aansoeke moet gerig word op die voorgeskrewe aansoekvorm (verkrygbaar van die munisipale webblad of Menslike Hulpbronkantore), vergesel van 'n dekbrief, curriculum vitae, oorspronklik, gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument, en moet gerig word aan **Mnr. Abridon Sass**, **MENSLIKE HULPBRONNE AFDELING,** Privaatsak X53, Prince Albert, 6930 voor of op **WOENSDAG, 9 MAART 2022**

Kandidate moet bereid wees om onderwerp te word aan 'n onderhoud en evalueringsproses en bewus wees dat vorige werkgewers en verwysings gekontak kan word en hul kwalifikasies, kredietrekord kan geverifieer word.

Navrae kan gerig word aan **Mnr. Abridon Sass by Tel. 023 541 1036 of per e-pos (abridon@pamun.gov.za).**

Die Munisipaliteit van Prins Albert is 'n gelyke indiensneming-werkgewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue applikante aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

**Indien u nie binne 30 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.**

**PRINS ALBERT MUNISIPALITEIT**
**Privaatsak X53,**
**PRINS ALBERT**
**6930**
**e-pos: abridon@pamun.gov.za**
**Tel. (023) 5411320**
**Faks. (023) 5411321**

SERVIMUS

**ALDRICK HENDRICKS**
**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

**16 FEBRUARIE 2022**